Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
25 Februarie 2018

Eredienste vandag

08:30 10:30	**Rassie Smit**
Teks:	Matteus 16:23
Tema:	Wat dink jy?
18:30	**Peet Vermeulen**
Teks	Luk 14:15-24
Tema:	Ete saam met Jesus leer jou iets van God se koninkryksmaal.

- **Nagmaal** word VANDAG bedien by al die eredienste.
- Wilhelm is met langverlof van 1 Feb tot 30 April.

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel"** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Paul Roos (jnr) wat 'n liesbreuk operasie ondergaan het. Hy sterk tuis aan.
- Neelsie Schutte wat by Wilgers opgeneem is met 'n blinderdermprobleem.
- Willem van Wyk wat by Wilgers hospitaal 'n pasaangeër ontvang het.
- Gerhard en Thea Groenewald wat Thea se broer aan die dood afgestaan het.
- Ryan Eagar (4jr), seun van Nicolene en Schalk Eagar wat by Unitas opgeneem is met 'n nier-toestand. Sy sussie, Lara (4maande), is pas ontslaan met longprobleme.

ONS IS BLY SAAM MET:

- Paul en Phillazie Roos wat 'n sesde kleinkind ryker geword het.
- Louis van Heerden wat Saterdag trou met Danielle Erwee. Louis is die seun van Tinus en Anne-Marie van Heerden.

Preekrooster

	08:30 & 10:30	18:30	
4 Maart	Rassie	Peet	Doop
11 Maart	Rassie	Peet	

Kleuterkerk-, Laerskool- en Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges:** 8:30 in die Kleuterlokaal (Jeugkantoor)
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6):** 9:30 in hul onderskeie lokale.
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12):** 17:30 in hul onderskeie lokale.

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00 in die konsistorie. Rassie gesels oor Rut 4.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00 in lokaal 9.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.

Wees lief vir mekaar-geleentheid

- Kom deel tussen die 2 eredienste in ons heerlike saamkuier wanneer ons die reuk van Christus versprei deur ons eenheid!
- ***DIE GEURIGE AFFÊRE*** sal elke Sondag beskikbaar wees @ R70/250g in bone of filter gemaalde pakkies by Kafé Koinonia.

BASAAR 3 MAART

Vermy lang rye en koop jou **kaartjies** vir die basaar (pakkies ter waarde van R50) tussen die eredienste in die saal .

Slegs **75** kaartjies vir **Potjiekos** is teen R40 elk tussen die eredienste in die saal beskikbaar.

Alle **skenkings** (Wit Olifante, Tombola, Handwerk) kan by die kerk ingehandig word, nie later as Donderdag 1 Maart nie. Vrydag gaan dit gesorteer en pryse bepaal word. Gebak (reeds verpak) kan Saterdagoggend voor die koffieluik ingehandig word.

Kontant **donasies** sal verwelkom word vir die aankoop van bv. bakkies, vurkies, lepels, ens. As jy nie die dag kan bywoon nie, skenk sommer net 'n geldjie. Deponeer gerus in kerk se bankrekening by ABSA tjek 3490151957, takkode 632005. Verwysing: **Basaar**

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie. (Vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir:** Verdienstelike Sake Buite Gemeente (Admin Buro en andere).